

## 14 Oktober - SMART

**Skrifgedeelte: Jeremia 45:1-5 (NAV)**

**Fokusgedeelte: Jeremia 45:3**

**A**s ons hierdie lewe met al sy *smart* en ellende wil verstaan, moet ons deeglik rekening hou met twee dinge. Die eerste is dat God regeer – God self is die “skrywer” en bepaler van die mens se geskiedenis. Die tweede is dat ons moet rekening hou met onself – ons, as swakke mense, se eie gebrekkigheid en nietigheid.

Baruk, hier in Jeremia 45, is ’n sprekende voorbeeld hiervan. Baruk was die skrywer (sekretaris) van die profesie van Jeremia (vgl. ook Jer 36:4). Hy skryf God se oordele oor die volk op – die oordele oor die volk se sonde. En só erg is dit dat Baruk hande in die lug gooi. Hy sê: “*Dit is klaar met my*” (vs 3a) Daar is reeds so baie *smart* op aarde en God voeg nog by (vs 3b)? Sien u? Baruk kan eintlik nie meer nie.

Dan spreek God ’n woord tot Baruk ... twee dinge: God bou en slaan plat; God plant en ruk uit (vs 4). Ja, God regeer. Hy hou die wêreldgeskiedenis en die lotgevalle van mense en volke in sý hand. Sý eer is deur die sonde aangetas en daarom straf God nou sy volk.

Maar tweedens, hierteenoor, staan die swakheid en broosheid van die mens – die mag van sonde wat die mens blind kan maak vir God se genade en liefde.

Ja Baruk, God bou en plant. Hý het die lewe in sý hand. Hy is die Koning in en oor die lewe. Hy hou die mens in stand. Lyding en *smart*? Daardeur bring God sy regeermag in bedryf. Hý laat sý kind ewig leef (vs 5) deur lyding en beproewing en *smart* heen.

Die bewys is die kruis van Jesus Christus. Die Verlosser het gekom. Hy laat jou as ’n Godskind besef dat Hy deur alles heen sy kind nóóit sal verlaat nie – ook nie as jy *smart* beleef nie. Hy dra jou daardeur en maak jou bewus van sy Godsregering en van sy genadewerking deur die Heilige Gees.

Dit is die vreugde van Godskind-wees – al beleef jy *smart*!

*Sing: Psalm 99:2, 5 (1936-beryming)*

*Ds NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)*